



# DIE Riviertjie

JENNINGSSTRAAT 55 STRAND TEL 021 853 5991

Jaargang 15 \* Nr 152 \* JANUARIE 2019

FB: Lourensrivier SeMense WEB: [www.lourensrivier.co.za](http://www.lourensrivier.co.za)

## LEES BINNE

Gemeentenuus	2
Rentmeesterskap	3
Fokus op die Huwelik	4
Resepthoekie	5
Gebedsaksie	6
Vas van woorde	7
Maak 'n verskil	8
Advertensies	9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12



**Wil jy graag iets in ons koerantjie plaas of self iets skryf?**

Bydraes vir Feb. 19. moet Kerkkantoor voor 12:00 op Ma., 18/02/19 bereik!

## Hierdie gebed van Billy Graham, wat hy in 2008 vir The Saturday Evening Post geskryf het, is steeds net so van toepassing vir 2019:

Ons Vader en ons God, waar ons aan die begin van die nuwe jaar staan en die toekoms in die gesig staar, bely ons ons behoefte aan U teenwoordigheid en U leiding.

Ons het elkeen dinge waarop ons hoop en verwagtinge vir die jaar wat voorlê, maar U alleen weet wat die jaar vir ons inhou, en net U kan ons die krag en die wysheid skenk wat ons nodig het om die uitdagings die hoof te bied. Help ons om in hierdie komende jaar in nederigheid ons hand in U hand te plaas, om U te vertrou en U wil vir ons lewens te soek.

Te midde van die onsekerhede in die komende dae, verseker ons van die sekerheid van U onveranderlike liefde.

Te midde van die onvermydelike teleurstellings en hartseer van die lewe, help ons om na U te draai vir die stabiliteit en troos wat ons sal benodig.

Te midde van versoekings van die lewe en die roepstem van ons hardnekkige eie wil, help ons om nie die pad byster te raak nie, maar die moed aan die dag te lê om te doen wat reg is in U oë, ongeag wat dit ons kos.

Te midde van ons daaglikse bekommernis en strewes, maak ons oë oop vir die smart en ongeregthede van ons verwonde wêreld, en help ons om met deernis en opoffering te reageer teenoor diegene wat alleen en behoeftig is. Mag ons konstante gebed dit van die psalmdigter wees: "Here, leer my om U voorskrifte uit te voer, sodat ek my tot die einde toe daaraan kan hou."

(Psalm 119:33).

Ons bid vir ons nasie en sy leiers in hierdie moeilike tye, en vir almal wat na vrede en geregtigheid streef vir ons gevaarlike en gekwelde wêreld te bring... Verenig ons verdeelde nasie en skenk ons 'n groter visie van U plan vir ons. U Woord herinner ons: "Welgeluksalig is die nasie wie se God die Here is." (Psalm 33:12).

As ons terugkyk oor die afgelope jaar dank ons U vir U goedheid teenoor ons – soveel meer as wat ons verdien. Mag ons nooit U goedheid vanselfsprekend aanvaar of vergeet van al U barmhartigheid teenoor ons nie, mag U goedheid en barmhartigheid ons tot bekering lei en 'n nuwe verbintenis om U vanjaar die grondslag en die middelpunt van ons lewe te maak.

En so, onse Vader, dank ons U vir die belofte en hoop van die nuwe jaar, en kyk ons vooruit met verwagting en geloof. Dit vra ek in die naam van ons Here en Verlosser, wat deur Sy dood en opstanding hoop aan ons geskenk het vir hierdie wêreld en die komende wêreld.

Artikelbron: [www.charismanews.com](http://www.charismanews.com).

Bron: <http://www.joydigitalmag.com/afrikaanse-nuus>

## **LOURENSRIVIER GEMEENTE**

*Fontein van Hoop; Strome van Seën & Liefde; Rivier van Lewende Water (Eseg. 47)*

*Kol.3:11 Christus alles en in almal.*



# Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE. WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD ..... OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET ( SOMMER MET 'N FOTO BY).


## BERG 80 VERJ: FEBRUARIE 2019

**LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.**

Van	Noemnaam	Verjaar /	Ouderdom
Hubinger	Hettie	02/09	80
Van Der Walt	Joey	02/12	89
Marnewick	Manie	02/15	82
Bam	Driekie	02/16	81
Henning	Wena	02/19	82
Odendaal	Joey	02/24	89
Van Schalkwyk	Joeleen	02/24	83



## Dinamiet Kiedz het 2019 met groot gejuig begin



Gaan kyk gerus op ons Facebook Blad hoe hulle sing.🎵🎵

Facebook:  
Dinamiet Kiedz of  
Lourensrivier SeMense

# Rentmeesterskap

## Filippense 4:17-19

Dit gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug daarvan: daardeur word julle self ryker. Maar ek het alles ontvang en ek het meer as genoeg. Noudat ek van Epafroditos ontvang het wat julle gestuur het, het ek alles wat ek nodig het. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig. En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.

### Betaalwyses vir alle bydraes

- ✝ inbetaling by kerkkantoor
- ✝ m.b.v. dienswerker
- ✝ aftrekorder (reël self by bank)
- ✝ EFT

**Oorweeg dit asb. ernstig om bydraes met debietorders te maak. Vorms is by die kerkkantoor beskikbaar.**

Jy kan ook die ZAPPER selfoontoepassing as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en dankoffer bydraes gebruik. Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store" Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper.



**Vir inligting of navrae:**  
021 853 5991 of [fin@louensrivier.co.za](mailto:fin@louensrivier.co.za)

### Bankbesonderhede

Rekeningnaam: NGK Louensrivier Bank  
ABSA Bank Strand  
Rekeningnommer: 420 580 231 (Takkode 334 312)

### Elektroniese oorplasing:

Stuur 'n bewys van inbetaling aan kerkkantoor per e-pos, [fin@louensrivier.co.za](mailto:fin@louensrivier.co.za) of faks 021 853 8009 met verwysing:

Naam, wyk- of satellietnommer  
Waarvoor bv. dankoffer, voedsel fees

### Dankoffer Geleenthede

#### Nagmaal

Februarie; Mei; Augustus; November

**Tiende:** Oktober



Jou huwelik is nie 'n verbruikersitem wat jy kan weggooi as dit nie werk nie, of jou man 'n motor wat jy kan inruil vir 'n beter een nie. In so 'n verbintenis is jou eerste keuse dikwels jou beste keuse, (dit geld ook vir die mans)

Die Amerikaanse skrywer, akademikus en huweliks- en gesinsterapeut William Doherty sê jy kan byna enige huwelik binne twee jaar vernietig deur net twee dinge te doen: Fokus gedurig op wat jy nie in die huwelik kry nie, en op die wyse waarop jou huweliksmaat nie aan jou verwagtinge voldoen nie; nie vir jou gee wat jy so nodig het, of wat jy verdien nie.

Hoe groter die obsessie met wat jy nie kry nie en op jou huweliksmaat se foute, hoe gevaarliker. En die hartseerste is dat die een wat dit doen, nie beseft waarmee sy besig is nie. Nie tot dit te laat is nie. Dis 'n stadige, maar seker pad met min waarskuwingstekens dat dit 'n doodloopstraat is.

**Gaan lees asb die hele artikel by hierdie skakel.**

<https://www.rooirose.co.za/gee-jou-huwelik-n-tweede-kans>

## Leef Bymekaar

Wanneer kepe en lyne 'n storie vertel -  
van wind, van weer, van lief en leed...  
van 'n lewe gelééf, van seëninge getel,  
een vir een sal jy weet:

Huis is nie 'n plek nie. Huis is 'n mens.

## ...Jou huwelik maak saak

# RESEPTEHOEKIE

**WENKE WAT WERK:** Moenie ou brood weggooi nie. Rooster dit en maak krummels. Jy kan enige maalvleisdis daarmee rek sonder om die smaak te beïnvloed.



## GEREGTE VIR WEEK AANDETES

### PITABROODJIES MET LAMSVLEIS

500 g lamsvleis, in blokkies gesny  
2 groen soetrissies, saadjies uitgehaal en gekap  
1 e olyfolie  
½ t gerookte paprika  
25 g fetakaas  
1 e vars kruisementblare, fyngekap  
4 volgraan-pitabrode  
1 rooi-ui, in dun skyfies gesny  
1 avokado, skil afgetrek, pit uitgehaal en in dun skyfies gesny  
groen slaablare en hoemoes (hummus) om voor te sit

#### **Aanwysings:**

Verhit die oondrooster op medium hitte. Klad die lamsvleis droog met kombuispapier. Plaas die lamsvleis en soetrissies saam op 'n groot bakplaat. Voeg olie, paprika en sout en peper na smaak by en roer tot bedek.

Rooster vir 8 tot 10 minute of tot goudbruin terwyl jy dit gereeld omdraai. Krummel die

fetakaas oor, asook die kruisement, en roer liggies.

Rooster die pitabroodjies en sit dit saam met die lamsvleis, uie, avokado, slaablare en hoemoes (hummus) voor.

**Bron:** <https://www.goeiehuishouding.co.za/7-resepte-vir-weekaandetes/>



### BROS HOENDER MET WITWYN-PANSOUS

2 t olyfolie  
1 kg hoenderdye  
½ t sout  
2 middelslag-salotte, fyngekap  
⅔ k witwyn  
¼ t droë roosmaryn  
¼ t sout  
3 e suurroom  
½ k hoenderaftreksel  
gesnipperde grasuie, vir garnering

#### **Aanwysings**

Verhit die olyfolie oor mediumhoë hitte in 'n 30 cm-pan.

Geur die hoenderdye met die sout. Braai met die velkant na onder vir 6 tot 8 minute of tot verbruin. Plaas met die velkant na bo op 'n bakplaat wat met foelie bedek is. Bak die hoender in die oond by 230 °C vir 15 minute of tot deurgaar.

Soteer die salotte vir 2 minute in dieselfde pan oor matige hitte. Voeg die witwyn, roosmaryn

en sout by. Laat prut vir 2 minute en skraap die bruin stukkies op die bodem los. Klits die suurroom en hoenderaftreksel by.

Sit die hoender saam met die sous voor en garneer met die grasuie.

**Bron:** <https://www.goeiehuishouding.co.za/7-resepte-vir-weekaandetes/>



**GEBEDSONDERWERP:** OUERSKAP

Jy moet jou God liefhê met jou hele verstand en wil en met jou hele lewe en met al jou vermoëns. Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou verstand, wil en emosie wees. Jy moet dit **ywerig vir jou kinders leer en daaroor praat as jy in jou huis sit**, as jy op pad is, as jy gaan lê en as jy opstaan. (Deuteronomium 6:7-9).



Saam met ons liefde vir God en ons voorbeeld as gehoorsame ouers wat na God se gebooie wil luister moet ons ook ag slaan op Deuteronomium 6:7-9 wat kinders grootmaak aangaan. Hierdie gedeelte verduidelik mooi dat dit 'n lewenswyse is, iets wat ons altyd doen – in die huis, tydens 'n rit, gedurende die nag of in die oggend. Die waarheid van die Bybel is iets wat die grondslag in ons huise moet wees. Deur hierdie opdrag te volg leer ons, ons kinders dat die verering van God iets is wat altyd gebeur in alles wat ons (en hulle) doen. Dit is nie net iets wat op 'n Sondag moet gebeur nie.


Alhoewel ons kinders ook baie van geloof direk leer, sal hulle baie meer leer

wanneer hulle die ouer dophou. Dit is die rede hoekom die ouer 'n goeie voorbeeld moet wees in alles wat hy/sy doen. Ons moet eerstens ons Godgegewe rolle of verantwoordelikheid vir hulle wys. Mans en vrouens moet wys dat hulle wedersydse respek vir mekaar het (Efesiërs 5:21).

***Kies een vd onderstaande en bid elke dag net vir daardie punt:***

1. Bid vir jou kinders vir regte vriende.
2. Bid dat God ons kinders met wysheid sal vul om goeie besluite te neem.
3. Bid vir God se seën en guns oor jou kinders.
4. Bid die Jabes gebed oor hulle lewens (1 Kronieke 4: 9-10).
5. Bid vir God se Gees van krag en liefde en selfbeheersing om hulle te vul en dat hulle vry sal wees van vrees.
6. Bid dat hulle 'n liefde vir die Woord van God sal hê.
7. Bid vir 'n Bybelse en gesonde selfbeeld
8. Bid dat hulle rein en heilig voor God sal lewe, vir seksuele reinheid tot en met die huwelik.

**Gebed:**



## Susan Coetzer skryf die volgende:



“Ek het besluit om 'n bietjie te vas. NEE nie van kos nie - veels te honger en dan nie genoeg energie vir draf of optredes nie.

Ek vas van WOORDE. Ek hou hulle in my gedagtes en bekyk

hulle - het hulle NUT of is dit sommer net geluide - soos die geblaf van honde en karre wat jaag.

Ons praat so maklik en so baie..... NONSENS. Tot 'n mens beseft HOEVEEL krag daar in die gesproke woorde is. Die Hele Skepping is met WOORDE geskep.

God het gesê: Laat daar LIG wees, met WOORDE. En toe was daar was LIG.

Wat sê jy met JOU WOORDE?

Oor die land: Die land is in sy maai. Die land is korrup. Bankrot. 'n Nare plek om in te woon met nare mense.

Oor mense: Jou vark? Jy is treurig. Jou dom onnosele &\*%#. Jy maak my siek!

En oor jousef: Ek kan nie. Ek is moeg. Ek is siek. Ek is sat. Ek is af. Ek is depressief. Ek glo nie meer nie. Ek is vet. Ek is lelik. Ek is sonder talent. Ek is bang.... Ek is kragteloos. Hopeloos.

OPPAS wat jy sê. As die meeste woorde wat by jou mond uitkom, negatief en onopbouend is, het dit 'n negatiewe effek. Op jou en almal wat jou aanhoor.

Is dit tyd dat jy VAS saam met my.

Geen mens kan die tong self tem nie - jy moet saam met die Here klas loop om te leer SNOEI aan die onkruid in jou woordeskaf - om meer en meer woorde van LEWE te spreek in plaas van dood. Oor die land, oor die mense wat jou irriteer, oor jousef -as jy papgeslaan voel.

LIG jousef en ander met jou woorde.

Woorde is nie net lettertjies nie. Dis gelaai met KRAG. Krag om op te bou en krag om te vernietig.

Daarom is 'n goeie vas baie gesond. Vas so 'n bietjie van onnodige

woorde: Vra die Here om jou te wys waar jy woorde tot jousef en ander se leed inspan.

Skinder jy maklik? Is jy lief om slegte nuus aan te dra. Onmin tussen mense te saai? Kla jy gereeld - sommer as 'n gewoonte. Vloek jy of seën jy?

Kom ons vas so 'n bietjie vanaand - deurdink ons baie woorde in God se Stilte. Rol hulle in jou kieste rond. Proe hulle in jou gedagtes. VOEL die uitwerking van die woorde wat jy wil sê - spreek dit van LIG of van donker.

Bekyk jou gedagtes. Dis die enjin wat jou woorde aanvuur. Die Woord se duidelik, dit wat in jou gedagtes (jou hart) omgaan bepaal jou hele toekoms. En ander s'n...

Sit vandag so 'n oomblik daai handrem op al die nonsens praat. Al die twak. Al die leuens. Die woede.

Die geskinder. Die suur woorde. Die snydende woorde. Die wrede woorde. Die woorde wat jou (en ander) afbreek en beperk.

Kom ons krul die tonge terug soos biltong en sit 'n slot om die punt.

Druk die oer krokodilbrein TERUG in sy kas. DINK en besin voor ons praat.


Vra jousef: Is dit opbouend om die woorde te gebruik? Is dit goed. Is dit nodig? Want woorde is almal vuurhoutjies -- dit kan groot vure aansteek. 'n Vuur van lewe of 'n vuur van dood. En dis moeilik om daai vure dood te slaan. Veral die vuur wat skroei. Nie eers die brandweer se hose pipe is lank genoeg nie.

Nouja ek groet - ek moet gou my slot om my bil-tong gaan sit.

LIEFDE en min woorde stuur ek aan jou.”

Dis 'n nuwe jaar met wonderlike nuwe geleenthede en avonture!

Mag die Here jou omarm en Sy goedheid en guns oor jou uitstort plus die nodige krag, wysheid en insig gee vir die struikelblokke en uitdagings langs die besige pad. Mag ons KIES om elke dag aan te gryp as 'n geleentheid om voluit te leef en 'n verskil te maak♪



Gebruik die gawes wat die Here jou gegee het en raak betrokke by jou kerk en gemeenskap. As jy nie weet waar om betrokke te raak nie kan jy gerus die kerkkantoor kontak @ 021 853 5991.

Indien jy meer wil weet wat die mense van Lourensrivier Gemeente doen, is jy welkom om te gaan loer op ons Webwerf ([www.lourensrivier.co.za](http://www.lourensrivier.co.za)) of ons Facebook Blad: Lourensrivier SeMense.



## KENNISGEWING:

Die registrasiedatum by Step It Up Line Dancing is verleng na 4 Februarie



*Line Dancing Classes  
Strand*

Do You enjoy dancing  
Join us, No partner needed

Afternoon and evening classes  
Mondays to Thursdays  
Beginners to Advanced

**Contact 066 286 6703**  
[www.Stepituplinedancing.wordpress.com](http://www.Stepituplinedancing.wordpress.com)  
*registration closes 1st February*

JC VORSTER

065 816 9617

# HEARING CARE

*...for better hearing,*


- Medical aid rates • Easy parking access
- Hearing Tests • Hearing aids • Batteries
- Noise / water/ sleep protection earplugs
- Quotations on repairs and new hearing aids
- 10 Minute hearing screen awareness tests

*...and professional audiology services.*

Goede Hoop /Spar Centre, c/o Broadway Blvd. & Da Gama Street, Strand



Vra vir mamma of pappa  
om jou te help om die  
Blokkiesraaisel  
te voltooi



**Kom ons kyk  
hoe slim  
is jy 😊**


## Dwars

2. Hoeveel dae was Jona in die vis se maag
4. Jona het dit onder in die skip gedoen
5. God het dit gestuur oor die see
6. God het dit gestuur om vir Jona in te sluk

## Af

1. Waarheen God vir Jona gestuur het
3. Waarheen Jona wou vlug

# LEESROOSTER FOKUSTEKS: 1 Kor 12:1-31



EclipseCrossword.com

## DWARS

2. Lê julle toe op dié genadegawes
3. Die ... .. oortuig ons
7. Ons is almal van die één Gees ...
8. Gawes word gegee tot ... van almal
10. Hy is die Here
11. wees ... oor die gawes
13. Dis 'n eenheid
15. Met één Gees ...
16. Gawes word ontvang deur één ...
17. Liggaam bestaan nie net uit een
18. 'n Gawe

## AF

1. As een lid ly, ly almal
4. Hierdie lede is juis noodsaaklik
5. Daar is 'n verskeidenheid van dit
6. Daar mag nie ... in die liggaam wees nie
9. Die liggaam van Christis moet ... wees
12. God het die lede só in die liggaam gevoeg
14. Die oog het die hand ...

# We are Helderberg

---

We are the leaves rustling in ancient Milkwoods.  
We are the fresh breath of the ocean air.  
We are the art and sculptures in our local galleries.  
We are organic farmers markets with family and friends.  
We are fine wines and cuisine from our most exclusive wine estates.

---



Lets' get in touch and discuss how we can help you with your property requirements.

**Edelweiss Hankey** 083 252 1964 / [edelweiss.hankey@pamgolding.co.za](mailto:edelweiss.hankey@pamgolding.co.za)

**Burger van Dyk** 084 540 4543 / [burger.vandyk@pamgolding.co.za](mailto:burger.vandyk@pamgolding.co.za)



[pamgolding.co.za](http://pamgolding.co.za)

